


copy

**THE PROVINCE OF
GAUTENG**



**DIE PROVINSIE
GAUTENG**

Provincial Gazette Extraordinary Buitengewone Provinsiale Koerant

Selling price • Verkoopprys: **R2,50**
Other countries • Buitelands: **R3,25**


Vol. 7

PRETORIA, 13 JULY 2001
JULIE 2001

No. 130

We all have the power to prevent AIDS

AIDS
affects
us all



A
new
struggle

Prevention is the cure

**AIDS
HELPLINE**

0800 012 322

DEPARTMENT OF HEALTH

CONTENTS**INHOUD**

<i>No.</i>	<i>Page No.</i>	<i>Gazette No.</i>	<i>No.</i>	<i>Bladsy No.</i>	<i>Koerant No.</i>
GENERAL NOTICES			ALGEMENE KENNISGEWINGS		
4142			4142		
Town-planning and Townships Ordinance (15/1986): City of Johannesburg: Declaration as approved township: Allen's Nek Extension 45	3	130	Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe (15/1986): Stad Johannesburg: Verklaring tot goedgekeurde dorp: Allen's Nek-uitbreiding 45	3	130
4143			4143		
do.: do.: Roodepoort Amendment Scheme 1810	5	130	do.: do.: Roodepoort-wysigingskema 1810	5	130

GENERAL NOTICES • ALGEMENE KENNISGEWINGS

NOTICE 4142 OF 2001

CITY OF JOHANNESBURG

(FORMER WESTERN METROPOLITAN LOCAL COUNCIL)

DECLARATION AS APPROVED TOWNSHIP

In terms of Section 103 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) the City of Johannesburg, (Former Western Metropolitan Local Council) hereby declares **Allen's Nek Extension 45** township to be an approved township subject to the conditions set out in the schedule hereto.

ANNEXURE

STATEMENT OF THE CONDITIONS UNDER WHICH THE APPLICATION MADE BY D.R.H. PROJECTS (PROPRIETARY) LIMITED (HEREIN AFTER REFERRED TO AS THE APPLICANT/TOWNSHIP OWNER) UNDER THE PROVISIONS OF SECTION 98 (1) OF THE TOWN PLANNING AND TOWNSHIPS ORDINANCE (ORDINANCE 15 OF 1986) FOR PERMISSION TO ESTABLISH A TOWNSHIP ON PORTION 178 OF THE FARM PANORAMA 200 I.Q., REGISTRATION DIVISION PROVINCE OF GAUTENG HAS BEEN GRANTED

1. CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

1.1 Name

The name of the township shall be **Allen's Nek Extension 45**.

1.2 Design

The township shall consist of erven and streets as indicated on General Plan S.G. No. 10019/2000.

1.3 Engineering services

1.3.1 The township owner shall be responsible for the installation and provision of internal engineering services including streets and storm-water drainage as well as linking external engineering services and a contribution towards bulk sewerage services; and

1.3.2 the local authority concerned shall be responsible for the installation and provision of external engineering services.

The township owner shall when he intends to provide the township with engineering and essential services—

1.3.3 by agreement with the local authority classify every engineering service to be provided for the township in terms of section 116 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986) as an internal or external engineering services and in accordance with the guidelines; and

1.3.4 install or provide all internal and essential services and link external services to the satisfaction of the local authority and for this purpose shall lodge reports, diagrams and specifications as the local authority may require.

1.4 Disposal of existing conditions of title

All erven shall be made subject to existing conditions and servitudes, if any, including the reservation of rights to minerals, but excluding—

1.4.1 the following conditions which shall not be passed on to the erven in the township:

Title Deed T27966/2001 conditions:

- (a) "ONDERWORPE aan en geregtig tot water-regte bepaal en gereel blykens Notariele Akte No. 573/1924, S, geregistreer op 15 Oktober, 1924.

KENNISGEWING 4142 VAN 2001

JOHANNESBURG STAD

(GEWESE WESTELIKE METROPOLITAANSE PLAASLIKE RAAD)

VERKLARING TOT 'N GOEDGEKEURDE DORP

Ingevolge Artikel 103 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986), verklaar die Johannesburg Stad, (vroeër Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad) hierby **Allen's Nek Uitbreiding 45** tot 'n goedgekeurde dorp onderworpe aan die voorwaardes uiteengesit in die bygaande bylae.

BYLAE

STAAT VAN VOORWAARDES WAAROP DIE AANSOEK GEDOEN DEUR D.R.H. PROJECTS (PROPRIETARY) LIMITED (HIERNA DIE AANSOEKDOENER GENOEM) INGEVOLGE DIE BEPALINGS VAN ARTIKEL 98 (1) VAN DIE ORDONNANSIE OP DORPSBEPLANNING EN DORPE, 1986 (ORDONNANSIE 15 VAN 1986) OM TOESTEMMING OM 'N DORP TE STIG OP GEDEELTE 178 VAN DIE PLAAS PANORAMA 200, REGISTRASIE AFDELING I.Q., PROVINSIE VAN GAUTENG, TOEGESTAAN IS

1. STIGTINGSVOORWAARDES

1.1 Naam

Die naam van die dorp is **Allen's Nek Uitbreiding 45**.

1.2 Ontwerp

Die dorp bestaan uit erwe en strate soos aangedui op Algemene Plan L.G. 10019/2000.

1.3 Ingenieursdienste

1.3.1 Die dorpseienaar is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van interne ingenieursdienste insluitend strate en stormwater dreinerings sowel as die aansluiting van eksterne ingenieursdienste en 'n bydrae vir eksterne riooldienste; en

1.3.2 die plaaslike bestuur is verantwoordelik vir die installering en voorsiening van eksterne ingenieursdienste.

Die dorpseienaar sal, wanneer hy van voorneme is om die dorp van ingenieurs- en noodsaaklike dienste te voorsien—

1.3.3 elke ingenieursdiens wat vir die dorp voorsien moet word, ingevolge artikel 116 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) by ooreenkoms met die plaaslike bestuur klassifiseer as interne en eksterne ingenieursdienste; en

1.3.4 alle interne ingenieursdienste en noodsaaklike dienste installeer en voorsien tot bevrediging van die plaaslike bestuur en vir hierdie doel moet die verslae, planne en spesifikasies soos vereis deur die plaaslike owerheid ingedien word.

1.4 Beskikking oor bestaande titelvoorwaardes

Alle erwe moet onderworpe gemaak word aan bestaande voorwaardes en servitude, as daar is, met inbegrip van die regte op minerale, maar uitgesluit—

1.4.1 die volgende voorwaarde wat nie aan die erwe in die dorp oorgedra moet word nie:

Titel Akte T27966/2001 voorwaardes:

- (a) "ONDERWORPE aan en geregtig tot water-regte bepaal en gereel blykens Notariele Akte No. 573/1924, S, geregistreer op 15 Oktober, 1924.

(b) VOORMELDE Gedeelte "F" en Gedeeltes "E", "G", "H", en die Resterende Gedeelte (groot as sodanig 179,2160 morge) van die voormelde Plaas, gehou respektiewelik onder Sertifikaat van Verdelingstitel Nos. 130/1937, 128/1937, 127/1937 en 131/1937, gedateer 6 Januarie, 1937, gesamentlik, is geregtig, tesame met Gedeeltes "C" en "D" van die Noord-westelike gedeelte van die plaas "Weltevrede" No. 4, distrik van Roodepoort oorspronklik gehou onder Sertifikaat van Verdelingstitel No 154/1935, en gedeelte 1 en die Resterende Gedeelte (groot as sodanig 42,6601 morge) van Gedeelte "E" van die Noordwestelike Gedeeltes van die gesegde plaas, gehou respektiewelik onder Sertifikate van Verdelingstitel Nos. 111/1937 en 112/1937, gedateer 6 Januarie 1937, gesamentlik, en Gedeelte "A2", groot 256 morge 155 vierkante roede, en die Resterende Gedeelte van Gedeelte "A1", groot as sodanig 153 morge 275 vierkante roede, van die Noord-Westelike Gedeelte van die plaas "Weltevreden" No. 4, oorspronklik gehou respektiewelik onder Aktes van transport Nos. 2404/1908 en 2403/1908, is geregtig tot al die bestaande water op Gedeelte "B2" van die Noord-Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, groot 256 morge 158 vierkante roede, oorspronklik gehou onder akte van Transport No. 2406/1908, vir hulle gebruik in terme van die voorsienings van Notariele Akte No. 573/1924 S, soos meer ten volle sal blyk uit Notariele Akte No. 85/1929 S, geregistreer op 15 Februarie 1929, By Notariele Akte No. 26/1937 S, is dit ooreengekom dat die reg tot gebruik van water toekomend aan die eiendomme vermeld onder Notariele Aktes 573/1924 S en 85/1929 S, slegs vir die genot sal dien van die eenaars van gedeelte "H" en die Resterende Gedeelte groot 179,2160 (Eenhonderd Nege en Sewentig punt Twee Een Ses Nul) morge van die plaas "PANORAMA" No. 22, gehou onder Verdelingssertifikaat 127/1937 en 131/1937."

1.4.2 the following condition on which affects Erf 661 in the township only:

The property hereby transferred is subject to a general servitude for bore-hole purposed in favour of the Remainder of Portion 47 (a portion of Portion 6) of the farm Panorama 200. Registration Division I.Q. the Province of Gauteng, until such time as all farming operations on the aforesaid portion of the farm cease and which conditions affects only Erf 661.

1.5 Access

Ingress from Road P139-1 to the township and egress to Road P139-1 from the township shall be restricted to the access point.

1.6 Acceptance and disposal of stormwater

The township owner shall arrange for the drainage of the township to fit in with that of Road P139-1 and for all stormwater running off or being diverted from the road to be received or disposed of.

1.7 Erection of fence or other physical barrier

The township owner shall at his own expense erect a fence or other physical barrier to the satisfaction of the Gauteng Provincial Government: Department of Transport and Public Works as and when required by him to do so and the township owner shall maintain such fence or physical barrier in good order and repair until such time as this responsibility is taken over by the local authority: Provided that the township owner responsibility for the maintenance thereof shall cease when the local authority takes over responsibility for the maintenance of the street in the township.

(b) VOORMELDE Gedeelte "F" en Gedeeltes "E", "G", "H", en die Resterende Gedeelte (groot as sodanig 179,2160 morge) van die voormelde Plaas, gehou respektiewelik onder Sertifikaat van Verdelingstitel Nos. 130/1937, 128/1937, 127/1937 en 131/1937, gedateer 6 Januarie, 1937, gesamentlik, is geregtig, tesame met Gedeeltes "C" en "D" van die Noord-westelike gedeelte van die plaas "Weltevrede" No. 4, distrik van Roodepoort oorspronklik gehou onder Sertifikaat van Verdelingstitel No 154/1935, en gedeelte 1 en die Resterende Gedeelte (groot as sodanig 42,6601 morge) van Gedeelte "E" van die Noordwestelike Gedeeltes van die gesegde plaas, gehou respektiewelik onder Sertifikate van Verdelingstitel Nos. 111/1937 en 112/1937, gedateer 6 Januarie 1937, gesamentlik, en Gedeelte "A2", groot 256 morge 155 vierkante roede, en die Resterende Gedeelte van Gedeelte "A1", groot as sodanig 153 morge 275 vierkante roede, van die Noord-Westelike Gedeelte van die plaas "Weltevreden" No. 4, oorspronklik gehou respektiewelik onder Aktes van transport Nos. 2404/1908 en 2403/1908, is geregtig tot al die bestaande water op Gedeelte "B2" van die Noord-Westelike Gedeelte van die gesegde plaas, groot 256 morge 158 vierkante roede, oorspronklik gehou onder akte van Transport No. 2406/1908, vir hulle gebruik in terme van die voorsienings van Notariele Akte No. 573/1924 S, soos meer ten volle sal blyk uit Notariele Akte No. 85/1929 S, geregistreer op 15 Februarie 1929, By Notariele Akte No. 26/1937 S, is dit ooreengekom dat die reg tot gebruik van water toekomend aan die eiendomme vermeld onder Notariele Aktes 573/1924 S en 85/1929 S, slegs vir die genot sal dien van die eenaars van gedeelte "H" en die Resterende Gedeelte groot 179,2160 (Eenhonderd Nege en Sewentig punt Twee Een Ses Nul) morge van die plaas "PANORAMA" No. 22, gehou onder Verdelingssertifikaat 127/1937 en 131/1937."

1.4.2 die volgende voorwaarde wat slegs Erf 661 in die dorp raak:

The property hereby transferred is subject to a general servitude for bore-hole purposed in favour of the Remainder of Portion 47 (a portion of Portion 6) of the farm Panorama 200. Registration Division I.Q. the Province of Gauteng, until such time as all farming operations on the aforesaid portion of the farm cease and which conditions affects only Erf 661.

1.5 Toegang

Geen ingang van Pad P139-1 tot die dorp en geen uitgang tot Pad P139-1 uit die dorp word toegelaat nie.

1.6 Ontvangs en versorging van stormwater

Die dorpsseienaar moet die stormwaterdreinerings van die dorp so reël dat dit inpas by die van Pad P139-1 en moet die stormwater wat van die pad afloop of afgelei word, ontvang en versorg.

1.7 Oprigting van heining of ander fisiese versperring

Die dorpsseienaar moet op eie koste 'n heining of ander fisiese versperring oprig tot bevrediging van Gauteng Provinsiale Administrasie, Departement van Vervoer en Publieke Werke soos en wanneer deur hom verlang om dit te doen, en die dorpsseienaar moet sodanige heining of fisiese versperring in 'n goeie toestand hou tot tyd en wyl hierdie verantwoordelikheid deur die plaaslike bestuur oorgeneem word: met dien verstande dat die dorpsseienaar se verantwoordelikheid vir die instandhouding daarvan verval sodra die plaaslike bestuur die verantwoordelikheid vir die instandhouding van die strate in die dorp oorneem.

1.8 Demolition of buildings and structures

The township owner shall at his own expense cause, all existing buildings and structures situated within the building line reserves, side spaces of over common boundaries to be demolished to the satisfaction of the local authority when required by the local authority to do so.

1.9 Removal of litter

The township owner shall at its own expense cause all litter within the township area to be removed to the satisfaction of the local authority when required by the local authority to do so.

1.10 Removal or replacement of municipal services

If, by reason of the establishment of the township, it should become necessary to remove or replace any existing municipal services, the cost thereof shall be borne by the township owner.

2. CONDITIONS OF TITLE

2.1 Conditions imposed by the local authority in terms of the provisions of the Town-planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance No. 15 of 1986):

All erven mentioned hereunder shall be subject to the conditions as indicated:

- 2.1.1 The erven are subject to a servitude, 2 metres wide, in favour of the local authority for sewerage and other municipal purposes, along any two boundaries other than a street boundary and in the case of a panhandle erf, an additional servitude for municipal purposes 2 metres wide across the access portion of the erf, if an when required by the local authority: Provided that the local authority may dispense with any such servitude.
- 2.1.2 No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within 2 (two) metres thereof.
- 2.1.3 The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other work as it, in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purpose subject to any damage done during the process of the construction, maintenance or removal of such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

1.8 Sloping van geboue en strukture

Die dorpseienaar moet op eie koste alle bestaande geboue en strukture wat binne boulynreserwes, kantruimtes of oor gemeenskaplike grens geleë is, laat sloop tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

1.9 Verwydering van rommel

Die dorpseienaar moet op eie koste alle rommel binne die dorpsgebied laat verwyder tot bevrediging van die plaaslike bestuur wanneer die plaaslike bestuur dit vereis.

1.10 Verskuiwing of vervanging van munisipale dienste

Indien dit as gevolg van die stigting van die dorp nodig word om enige bestaande munisipale dienste te verskuif of te vervang moet die koste daarvan deur die dorpseienaar gedra word.

2. TITELVOORWAARDES

2.1 Voorwaardes opgelê deur die Plaaslike Bestuur kragtens die bepalings van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986)

Alle erwe is onderworpe aan die voorwaardes soos aangedui:

- 2.1.1 Die erwe is onderworpe aan 'n serwituut 2 meter breed vir riolerings- en ander munisipale doeleindes en ten gunste van die plaaslike bestuur langs enige twee grense, uitgesonderd 'n straatgrens en in die geval van 'n pypsteelerf, 'n addisionele serwituut vir munisipale doeleindes 2 meter breed oor die toegangsgedeelte van die erf, indien en wanneer verlang deur die plaaslike bestuur: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur van sodanige serwituut mag afsien.
- 2.1.2 Geen geboue of ander strukture mag binne die voorgenoemde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne 'n afstand van 2 (two) meter daarvan geplant word nie.
- 2.1.3 Die plaaslike bestuur is geregtig om enige materiaal wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud of verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke wat hy volgens goeëddunke noodsaaklik ag, tydelik te plaas op die grond wat aan die voorgenoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir die voorgenoemde doel, onderworpe daaraan dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud of verwyderings van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

NOTICE 4143 OF 2001

NOTICE 65 OF 2001

**ROODEPOORT TOWN PLANNING SCHEME, 1987:
AMENDMENT SCHEME 1810**

The City of Johannesburg (former Western Metropolitan Local Council), hereby declares that it has approved an amendment scheme, being an amendment of the Roodepoort Town Planning Scheme, 1987, comprising the same land as included in the township of Allen's Nek Extension 45, in terms of the provisions of Section 125 of the Town Planning and Townships Ordinance, 1986 (Ordinance 15 of 1986).

Map 3 and scheme clauses of the amendment scheme are filed with the Deputy Director-General, Gauteng Provincial Government: Department Housing and Local Government, Marshalltown and the Strategic Executive: Housing and Urbanisation, Western Metropolitan Local Council and are open for inspection at all reasonable times.

KENNISGEWING 4143 VAN 2001

KENNISGEWING 65 VAN 2001

**ROODEPOORT DORPSBEPLANNINGSKEMA, 1987:
WYSIGINGSKEMA 1810**

Johannesburg Stad, (vroëer Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad), verklaar hierby ingevolge die bepalings van Artikel 125 van die Ordonnansie op Dorpsbeplanning en Dorpe, 1986 (Ordonnansie 15 van 1986) dat hy 'n wysigingskema synde 'n wysiging van die Roodepoort Dorpsbeplanningskema, 1987, wat uit die selfde grond as die dorp Allen's Nek Uitbreiding 45 bestaan, goedgekeur het.

Kaart 3 en skemaklousules van die wysigingskema word in bewaring gehou deur die Adjunk-Direkteur Generaal, Departement Behuising en Plaaslike Regering, Marshalltown en is by die Strategies Uitvoerende Beampte: Behuising en Verstedeliking, Westelike Metropolitaanse Plaaslike Raad beskikbaar vir inspeksie te alle redelike tye.

The date this scheme will come into operation is 13 July 2001.

This amendment is known as the Roodepoort Amendment Scheme 1810.

C J F COETZEE (Pr Ing), Acting: Chief Executive Officer

Civic Centre, Roodepoort

13 July 2001

(Notice No. 65/2001)

Die datum van die inwerkingtreding van die skema is 13 Julie 2001.

Hierdie wysiging staan bekend as die Roodepoort Wysigingsker 1810.

C J F COETZEE (Pr Ing), Waarnemende: Hoof Uitvoerende Beampte

Burgersentrum, Roodepoort

13 Julie 2001

(Kennisgewing No. 65/2001)



*Looking for back copies and out of print issues of
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

The National Library of SA has them!

Let us make your day with the information you need ...

National Library of SA, Pretoria Division
PO Box 397
0001 PRETORIA
Tel.:(012) 321-8931, Fax: (012) 325-5984
E-mail: infodesk@nlsa.ac.za



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die
Staatskoerant en Provinsiale Koerante?*

Die Nasionale Biblioteek van SA het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Nasionale Biblioteek van SA, Pretoria Divisie
Posbus 397
0001 PRETORIA
Tel.:(012) 321-8931, Faks: (012) 325-5984
E-pos: infodesk@nlsa.ac.za

